



BREED VALLEY
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA

bvm@bvm.gov.za



023 348 2600



30 Baring Street, Worcester, Western Cape
6849, South Africa, Private Bag X3046

www.bvm.gov.za

In your reply, please quote:

Reference: 12/3/1/1/1

Enquiries: Jolé le Roux (023 348 2850/ jole@bvm.gov.za)

OPENBARE KENNISGEWING:

CORONA VIRUS (COVID 19) EN DIE VERKLARING VAN 'N NASIONALE RAMPTOESTAND

Die munisipaliteit verwelkom die aankondiging wat die President op Sondag 15 Maart 2020 gemaak het, en ons sal die instruksies wat gevolg is, volg en maatreëls instel om uitvoering aan die instruksies te gee. Die munisipaliteit sal nou saamwerk met nasionale en provinsiale regerings om te verseker dat die munisipale dienste en prosesse in lyn is met wat benodig word.

1. Openbare deelnameprosesse

Die munisipaliteit moet sy benadering tot openbare deelnameprosesse vir die onmiddellike toekoms aanpas, aangesien ons nie openbare vergaderings kan hou nie.

Ons moedig inwoners aan om e-pos, sosialemedia platforms, ons webwerf en telefoon te gebruik om die Raad te bereik, eerder as persoonlik.

2. Munisipale dienste

Alle munisipale dienste sal voorlopig voortgaan soos normaal.

Inwoners word versoek om nie een van die munisipale kantore en sentrums, insluitend biblioteke, te besoek nie, tensy dit absoluut noodsaaklik is.

Stuur alle navrae, indien moontlik, telefonies en / of elektronies soos volg:

- rekords@bvm.gov.za
- (023) 348 2600 (tydens kantoor-ure)
- 0860 12 12 12 (24 uur munisipale kontaksentrum)

A caring valley of excellence.

3. Betaling van munisipale rekeninge, boetes en ander betalings.

Die publiek moet toesien dat munisipale rekeninge, boetes en ander vereiste betalings steeds gedoen word soos benodig. Hierdie betalings kan steeds by munisipale kantore en verkeersentrums geskied.

Die publiek word ook aangemoedig om elektroniese betalings en betalings by kleinhandelaars te gebruik.

Besonderhede vir elektroniese betalings van munisipale rekeninge en boetes:

- Breedevallei Munisipaliteit
- NEDBANK
- Rekeningnr: 116 075 5019
- Takkode: 198765
- Verwysingsnommer: Munisipale rekeningnommer / Boete (kennisgewingnommer)

Voorafbetaalde elektrisiteitsaankope sal by alle kleinhandelaars beskikbaar wees.

4. Openbare byeenkomste en gemeenskaplike fasiliteite

Alle openbare byeenkomste en byeenkomste op munisipale sportgronde, gemeenskaplike fasiliteite (stadsale, gemeenskapsale en Thusong-sentrum) en biblioteke word gekanselleer of uitgestel tot verdere kennisgewing of soos deur die nasionale en provinsiale sentrums vir rampbestuur aangeraai.

Alle munisipale swembaddens, sportgronde, gemeenskapsale/burgersentrums en oorde is gesluit tot verdere kennisgewing. Alle aansoeke om befondsing vir geleenthede word opgeskort.

5. Bykomende interne administratiewe maatreëls

Die munisipaliteit het bykomende maatreëls ingestel om 'n skoon en gesonde omgewing in ons kantore en terreine te handhaaf. Hierdie maatreëls sluit in:

- a. 'n Toename in die frekwensie waarmee ons skoonmaakpersoneel hoë raakpunt-oppervlaktes afvee.
- b. Voorsiening van hand ontsmettingsmiddels vir personeel by werkstasies en besoekers by ingange.
- c. Die munisipaliteit het personeel aangeraai om te hou by alle gesondheids-, veiligheids- en persoonlike higiëne-aanbevelings om die verspreiding van die virus te beperk.
- d. Onmiddellike reisverbod vir alle personeel en raadslede vir alle nie-noodsaaklike reise buite die munisipale gebied.

- e. Die munisipaliteit het sy Sentrale Komitee vir Gesondheid en Veiligheid aangewys as sy interne taakspan vir die Corona-virus wat gereeld vergader om die situasie te evalueer en advies te gee oor enige addisionele maatreëls wat getref moet word

6. Begrafnisbyeenkomste by munisipale begraafplase

Begrafnisondernemers en families word aangemoedig om in kontak te kom met munisipale kantore om voor-af besprekings te doen vir voornemende begrafnisse by munisipale begraafplase sodat opeenhoping voorkom kan word. Om soveel as moontlik byeenkomste by elke begraafplaas te akkommodeer, sal slegs 30minute per bespreking toegelaat word.

7. Die uitvoerende burgemeester moedig inwoners aan om asseblief te let op amptelike aankondigings en die instruksies te volg. Deur saam te werk, kan ons die verspreiding van hierdie virus beperk.



RAADSHEER A STEYN
UITVOERENDE BURGEMEESTER

17 Maart 2020